

# RENOSTERBOERDERYE DIERE AFWEND

deur **FRITZ SCHLESINGER**

RENOSTERS, wat van die duurste diere op 'n wildplaas is, word toenemend deur wildstropers met AK 47-gewere afgemaai – net om hul gesogte horings te kry wat derduisende rande op die swartmark behaal.

Ondanks toenemende bewaringspogings, strenge wetgewing en meedoënlose polisieoptrede het Afrika sedert 1970 meer as 90 % van sy renosters verloor.

Van die begin van Junie tot einde Julie vanjaar het stropers, wat met AK 47's gewapen was, op twee private natuurreservate in die omgewing van Hoedspruit en Klaserie toegeslaan. Drie renosters het in die slag gebly – onder meer 'n bulletjie en 'n jong versie waarvan die horinkies nog piepklein was.

Volgens mnr. Blackie Swart, die Direktoraat Natuur- en Omgewingsbewaring in Transvaal se beampte op Klaserie, was dit egter nie die eerste aanvalle op renosters in Suid-Afrika waarin AK 47-gewere gebruik is nie. In 1991 en 1992 is hierdie gevreesde wapens reeds in aanslae op renosters in twee reservate in sy bedieningsgebied gebruik.

'n Noodvergadering, wat deur wildboere in die omgewing bygewoon is, is ná die laaste aanslag in Julie belê en spesiale maatreëls is getref om die oorblywende renosters te beskerm, sê mnr. Swart, wat vanweë die sensitiewe aard van hierdie maatreëls nie daaroor wil uitwei nie.

*LINKS BO: AO. Anja Swart van die Suid-Afrikaanse Polisie se eenheid vir die beskerming van bedreigde spesies te Vlakplaas, buite Pretoria, by van die renosterhorings wat deur die eenheid gekonfiskeer is. Voor is blokkies ivoor. Smokkelaars sny die olifanttande deesdae in sulke blokkies op om dit makliker uit die land te smokkel. In die Ooste word dit onder meer vir die vervaardiging van naamstempels gebruik.*

*REGS: Een van die min oorblywende swartrenosters in Swaziland. In 1970 was daar nagenoeg 65 000 swartrenosters in Afrika; vandag is net sowat 2 500 oor. Hiervan is omtrent 900 in Suid-Afrika. (Foto: Mkaya-wildreservaat, Swaziland.)*



Intussen verwag die Polisie dat die aanslae gaan toeneem. Kol. Piet Lategan, bevelvoerder van die Polisie se eenheid vir die beskerming van bedreigde spesies by Vlakplaas, buite Pretoria, waarsku dat toenemende stropery in Suider-Afrika kan voorkom.

Hierdie eenheid is op 30 Junie 1989 gestig en het tans 25 lede. Sy doelwit is onder meer om die roetes op te spoor wat smokkelaars gebruik om bedreigde plant- en dierespesies, ook renosterhorings en ivoor, in of uit Suid-Afrika te smokkel. Die eenheid probeer nie net individuele smokkelaars vastrek nie, maar stel hom ten doel om netwerke in die sluikhandel onskadelik te stel.

Die knou wat wildstropers die renosterbevolking reeds toegedien het, is skrikwekkend. Volgens dr. Martin Brooks, hoof (wetenskaplike dienste) van die Natalse Parkeraad, was daar in 1970 nagenoeg 65 000 swartrenosters in Afrika; vandag is net sowat 2 500 oor. Hiervan is omtrent 900 in Suid-Afrika.

Sowat 6 400 van die nagenoeg 6 800 witrenosters wat tot hede toe in Afrika die aanslag van stropers vrygespring het, is in Suid-Afrikaanse besit, sê dr. Brooks.


Dié diere is nie net uit 'n bewaringsoogpunt baie werd nie, maar die wildboer wat renosters wil aanskaf, moet sy sak skud. Volgens prof. Theuns Eloff, direkteur van die Navorsingsentrum vir die Ekonomiese Aspekte van die Wildbedryf aan die Pothefstroomse Universiteit vir CHO, is die gemiddelde prys wat vanjaar vir swartrenosters in Suid-Afrika betaal is, R150 000. Witrenosters het tot dusver dié jaar gemiddeld R32 767 gekos.

In 1993 was die gemiddelde prys vir swartrenosters in Suid-Afrika R195 000 en in 1992 het hulle gemiddeld R460 000 gekos. Witrenosters het in 1993 'n gemiddelde prys van R28 056 behaal en in 1992 was die gemiddelde prys R29 375, sê prof. Eloff.

Om die renosterbevolking in Suider-Afrika vir die nageslag te bewaar, gaan vindingrykheid en weldeurdagte planne verg. Bewaringsinstansies erken openlik dat die internasionale verbod op die handel in renosterhorings, wat in 1977 van krag geword het, nie sy doel gedien het nie en dat alternatiewe oplossings vir hierdie groot probleem gesoek moet word.

'n Revolusionêre oplossing is om grootskaals met die diere te boer en die horings te oes, wat weer groei nadat 'n deel daarvan afgesny is.

Hierdie plan is bespreek deur 'n private wildplaaskonsultant, dr. Kobus du Toit, op 'n simpo-



sium oor renosters as wildplaasdiere wat deur die wildgroep van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging aangebied is.

Dr. Du Toit meen dat in die groot vraag na renosterhoring in die Ooste voorsien moet word. As dit wettig kan geskied, sal die prys daal wat in die sluikhandel betaal word vir horings wat na die Ooste gesmokkel word.

Dan sal dit ook nie meer vir stropers lonend wees om renosters net vir die horings af te maai nie.

In Jemen word hewwe vir messe uit renosterhoring gekerf, en standighede, het maar 5/ha (R18/ha teen genoemde wisselkoers) opgelewer.

Gemiddeld een tot vier witrenosters kan per 100 ha aangehou word in Suider-Afrikaanse gebiede wat vir renosters geskik is. Wat swartrenosters betref, wissel dit gemiddeld van 0,1 dier tot 0,7 dier per hektaar.

Dr. Du Toit sê uit 'n bewaringsoogpunt is daar 'n groot verskil tussen olifante en renosters. 'n Olifant moet doodgemaak word om sy tande in die hande te kry. 'n Renoster, daarenteen, se horing kan nagenoeg elke twee jaar Soos wat 'n skaap se wol geskeer word, kan die horing dus geoes word, wat elke twee tot drie jaar sowat 1 kg per renoster kan lewer. Daarby is die gemiddelde leeftyd van renosters sowat 30 jaar.


Die horings kan deur kundiges geoes word en 'n mikroskyfie in elke horing ingeplant word, wat sal voorkom dat onwettige horings die wettige mark bereik, sê dr. Du Toit.

Volgens kol. Lategan was die kleinhandelprys vir renosterhoring in Taiwan in 1992 sowat R21 525/kg, terwyl dit in 1979 skied. So 'n instansie kan dit dan weer aan die aptekers in die land verskaf. Strenge beheer sal egter nodig wees.

Die internasionale handel in renosters en renosterhoring word egter sedert 1977 verbied ingevolge 'n ooreenkoms van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora (CITES)*, wat in Julie 1975 aangegaan is. Suid-Afrika is een van die meer as honderd lande wat die konvensie onderteken het. Daarvolgens mag glad nie met renosterhoring handel gedryf

# KAN AANSLAG TEEN SA

**Toenemende aanslae met AK 47-gewere om renosters vir hul horings uit te wis, kan in Suid-Afrika verwag word. Grootskeepse renosterboerderye waarin horings gereeld geoes kan word, is die revolusionêre teen-plan van 'n wildkenner.**



*MNR. TED REILLY*



*RENOSTERS is van die duurste wild wat 'n wildboer kan aanskaf. Die gemiddelde prys vir witrenosters is sowat R30 000 en vir knewels soos dié sal 'n wildboer aansienlik meer betaal. (Foto: Andries Gouws.)*

in China seremoniële bekers. Dit word egter eeue lank in talle Oosterse lande vir die vervaardiging van medisyne gebruik.

Vir hierdie doeleindes het die Ooste jaarliks sowat 8 t renosterhoring nodig. Om in hierdie vraag te voorsien, moet stropers jaarliks nagenoeg 2 580 renosters afmaai, sê dr. Du Toit.

*Verdienste per hektaar*

As grootskeeps met renosters geboer word, toon navorsing dat die verdienste uit die horings sowat 50/ha (R180 teen 'n wisselkoers van R3,60/) kan wees. Beesboerdery, in dieselfde om- afgesny word, waarna dit weer groei. As dit nie te kort afgesny word nie, groei dit gewoonlik weer met 'n skerp punt uit en vorm nie 'n knoets nie.



*DR. KOBUS DU TOIT*

maar R4 000/kg was.

Dr. John Ledger, direkteur van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe, meen so 'n kommersiële renosterboerdery kan vrugte afwerp vanweë die groot vraag na horings. Hy stel voor dat handel daarin, as dit dalk in die toekoms werklikheid word, met die samewerking van byvoorbeeld 'n staatsdepartement in die ontvangerland in die Ooste kan ge- word nie, al het die diere natuurlik gevrek.

*Suid-Afrika se plan*

Aangesien internasionale bewaringsinstansies se verteenwoordigers in Suid-Afrika nou besef dat die verbod op die handel in renosterhoring geen doel gedien het nie, steun hulle Suid-Afrika se plan om moontlik op die volgende vergadering van CITES te vra dat die witrenoster van Aanhangsel 1 geskrap en as 'n Aanhangsel 2-dier geherklassifiseer word, wat beperkte, beheerde internasionale handel kan toelaat. Hierdie vergadering word in November in Florida, Amerika gehou.

Dr. Du Toit se mening oor hierdie internasionale verbod is dat Eerstewêreldse wette in Afrika toegepas word, waar Derde-

*(Vervolg op bl. 24)*

(Vervolg van bl. 23)



# "Bewaringsinstansies moet belonings aanbied vir inligting wat tot die skuldigbevinding van stropers lei."

wêreldse norme geld.

Volgens dr. Brooks gaan Suid-Afrika sy onderneming aan CITES gee dat net byvoorbeeld met huide en vleis, maar nie met die horings van die witrenoster nie. handel gedryf sal word as dit tot 'n Aanhangsel 2-dier geherklassifiseer word.

As die versoek toegestaan word, kan dit dalk die pad vir Suid-Afrika baan om 'n onfeilbare stelsel te skep waarvolgens die tonne renosterhoring wat in kluise in die land lê en geld vir *bewaring* kan verdien, later wettig internasionaal verhandel sal kan word.

As alles volgens plan verloop en Suid-Afrika kan die infrastruktuur vir so 'n vorm van internasionale handel skep, is die oogmerk om CITES later om goedkeuring daarvoor te vra.

### *Gaping vir sluikhandel*

Volgens dr. Piet Mulder, hoofdirekteur van die Direktoraat Natuur- en Omgewingsbewaring in Transvaal, sal baie werk egter voor daardie tyd gedoen moet word, aangesien die wêreld oortuig sal moet word van Suid-Afrika se saak en dat die handel wat beoog word, nie 'n gaping vir sluikhandel sal skep nie. In hierdie verband sal die ontvangerlande 'n groot rol moet speel deur die daarstelling van beheermaatreëls.

Intussen bly die beskerming van die oorblywende renosters 'n wesenlike probleem. Een van die pogings, naamlik dié van Zimbabwe om renosters te onthoring, het volgens kol. Lategan misluk.

In September 1993 is 332 renosters in dié land onthoring. Teen Desember 1993 is minstens 80 van hierdie diere in strooptogte doodgemaak, sê kol. Lategan.

Een maatreël teen stroping is swaar strawwe vir die oortreders. In Suid-Afrika is dit 'n maksimum van tien jaar gevangenisstraf en/of 'n boete van R100 000. Daarby moet die oortreder 'n verdere boete van drie keer die dier se waarde betaal.

Die probleem met Suid-Afrika se wetgewing is dat dit nie *verpligte* gevangenisstraf insluit nie, is die mening van mnr. Ted Reilly, een van die baanbrekers van bewaring in Swaziland.

Hy het reeds in 1989 voorspel dat wildstropers se aanvalle met AK 47's op renosters, wat toe volstoom in Swaziland aan die gang was, na Suid-Afrika sou versprei.

Hierdie strooptogte het in Noord-Afrika begin. Derduisende renosters is afgemaai voordat Swaziland aan die beurt gekom het, sê mnr. Reilly.



*KOL. PIET LATEGAN*

Die eerste witrenosters in sewentig jaar is in 1965 weer in Swailand gevestig. Teen 1984 was daar nagenoeg 110 van hierdie diere in verskillende reservate in die land, waaronder die koninklike reservaat, Hlane, en mnr. Reilly, en sy vrou, Liz. se persoonlike wildreservaat, Mkhaya. Hierdie reservaat is by uitstek geskik vir renosters.

Van November 1988 tot April 1992 het hierdie landjie 70 % van sy renosters verloor weens stropery met Ak 47-gewere. Voor 1992 was die Swazilandse wette vir die bewaring van wild sonder tande, sê mnr. Reilly: die maksimum-boete was maar R400.

Die talle strooptogte het in April 1992 'n klimaks bereik met 'n grootskaalse skietgeveg tussen veldwagters, gelei deur mnr. Reilly, en stropers by 'n Swazilandse hotel.



*'n SWARTRENOSTER wat in Swaziland onder stropers deurgeloop het. Van begin Junie tot einde Julie vanjaar het stropers met AK 47's op twee private natuurreservate in die omgewing van Hoedspruit en Klaserie toegeslaan. Drie renosters het in die slag gebly en toenemende aanvalle word verwag. (Foto: Mkaya-wildreservaat, Swaziland.)*

### *Stropers doodgeskiet*

Twee stropers is in hierdie voorval doodgeskiet – een van hulle was aan die spits van die bende wat die talle aanvalle op Swaziland se renosters gelei het. Kol. Lategan se eenheid was ook by hierdie voorval betrokke. Omtrent dieselfde tyd is die betrokke wet gewysig. Sedertdien het, sover bekend, geen stropery in Swaziland plaasgevind nie.

Volgens die wet kry 'n stroper van wild wat spesiaal bewaar word, soos renosters, leeus en olifante, gevangenisstraf van minstens vyf jaar, sonder die keuse van 'n boete. Hy moet die dier ook vervang, of 'n bedrag betaal wat gelykstaande aan die geldwaarde daarvan is, anders gaan hy nog twee jaar tronk toe.

'n Baie belangrike deel van hierdie wetgewing is dat 'n deel van die gevangenisstraf glad nie opgeskort mag word nie. Geen borgtog word ook toegestaan nie, sê mnr. Reilly.

Kol. Lategan se siening is dat selfs die beste wette waardeloos is as dit nie streng toegepas word nie. Sy eenheid behaal groot welslae, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in ander lande.

### *Internasionale taakmag*

Die inisiatief wat die eenheid geneem het om 'n internasionale taakmag bestaande uit wetstoepassers in Suid- en Oos-Afrika, te stig, kan dalk binnekort werklikheid word. Die doel van hierdie taakmag sal wees om smokkelhandel in bedreigde fauna en flora te bekamp, sê kol. Lategan.

Hy het in November 1992 in Lusaka op 'n vergadering van wetstoepassingsbeamptes 'n voorlegging gedoen oor die moontlikheid om 'n taakmag op die been te bring.

Die groot voordeel is dat so 'n eenheid vinnig oor die grense sal kan toeslaan van die lande wat die sogenaamde Lusaka-ooreenkoms onderteken. Buiten Suid-Afrika is Kenia, Tanzanië, Uganda, Zambië, Mosambiek, Swaziland, Lesotho en Malawi by die ooreenkoms betrokke.

Die laaste tegniese vergadering word in September vanjaar in Lusaka gehou, waarna die taakmag moontlik werklikheid kan word.

Volgens kol. Lategan is dit 'n jammerte dat Namibië, Botswana en Zimbabwe nie by die lande is wat by die ooreekoms betrokke is nie.

Al word die handel in renosterhoring, of ivoor, dalk gewettig in die bepaalde verband hierbo genoem, sal wetstoepassing steeds van die grootste belang wees om ongemagtigde handelaars uit die mark te hou.

Kol. Lategan sê organisasies wat by bewaring betrokke is, en hy bedoel nie staatsinstasies nie, moet betrokke raak by bedrywighede om stroping aan bande te lê. Hierdie organisasies kan daarmee begin deur byvoorbeeld belonings aan te bied vir inligting wat tot die inhegtenisneming van stropers lei.